education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2
## JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van die vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Produkte wat soortgelyk is in voorkoms, smaak en gevoel staan bekend as ...

A homogene produkte.
B gedifferensieerde produkte.
C heterogene produkte.
D unieke produkte.

1.1.2 Die marginale inkomste-kromme van 'n monopolie lê … die gemiddelde inkomste-kromme.

A bo
B bo-op
C onder
D langsaan

1.1.3 Die private koste plus die eksterne koste van ‘n konstruksieterrein word … genoem.

A rekeningkundige koste
B interne koste
C maatskaplike koste
D ekonomiese koste

1.1.4 Wanneer 'n besigheid meer mag het om die markprys te verander deur die hoeveelheid wat in die mark verskaf word te verander, beteken dit dat dit ... het.

A markaandeel
B markkrag
C markstruktuur
D mark wins

1.1.5 'n Markstruktuur wat 'n paar groot besighede het wat die mark oorheers, word 'n ... genoem.

A oligopolie
B duopolie
C monopolie
D monopolistiese mededinging

1.1.6 … is ‘n grafiek wat kombinasie van twee goedere wys wat 'n verbruiker dieselfde vlak van bevredeging bied.

A Inkomstekromme
B Lorenz-kromme
C Produksie moontlikheidskromme
D Onverskilligheidskurwe

1.1.7 Die afsluitpunt is waar die ...

A gemiddelde inkomste is gelyk aan marginale inkomste.
B gemiddelde inkomste is gelyk aan gemiddelde veranderlike koste.
C gemiddelde inkomste is gelyk aan gemiddelde vaste koste.
D gemiddelde inkomste is gelyk aan totale koste.

1.1.8 … bestaan wanneer daar wetlike hindernisse is wat dit moeilik maak om 'n besigheid in 'n sekere bedryf te vestig.

A Staatsbeheerde monopolie
B Natuurlike monopolie
C Plaaslike monopolie
D Kunsmatige monopolie (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Eksternaliteit | A | belasting gehef op nie-meriete goedere |
| 1.2.2 | Beperkende handel beleid | B | waar besighede bymekaar kom met die doel om 'n kollektiewe monopolie te vorm |
| 1.2.3 | Kartelle | C | 'n toename in die produksiekoste as gevolg van ondoeltreffende produksie |
| 1.2.4 | Sondebelasting | D | belastingstelsel waar lae inkomste verdieners minder belasting betaal |
| 1.2.5 | Skaalnadele | E | koste wat nie teruggekry kan word nie, bv. advertensies |
| 1.2.6 | Versonke koste | F | praktyke wat inmeng met die volmaakte mark, bv. prysvasstelling |
| 1.2.7 | Progressiewe belasting | G | 'n tydperk waarvan ten minste een produksiefaktor vas is |
| 1.2.8 | Korttermyn | H | belastingstelsel waar lae inkomste verdieners meer belasting betaal |
| | | I | koste of voordele wat na die derde party oorspoel |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Geleentheidskoste aan die eienaars van die firmas vir die gebruik van produksiefaktore

1.3.2 Openbare goedere en dienste wat deur die regering verskaf word wat gratis is vir almal

1.3.3 'n Groep besighede wat goedere produseer wat dieselfde is

1.3.4 'n Eiendomsreg wat 'n uitvinder die eksklusiewe reg gee om hul uitvinding vir 'n vasgestelde tydperk te gebruik of te verkoop

1.3.5 ‘n Sistematiese proses van berekening en vergelyking van die voordele en koste van 'n projek

1.3.6 Wanneer twee of meer firmas bymekaarkom om een maatskappy te vorm (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE hindernisse tot toetrede wat deur monopolieë gebruik word. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is die vraagkromme van 'n volmaakte mark horisontaal? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INKOMSTE VIR 'N FIRMA**

| Totale uitset | Prys | Vaste koste | Veranderlike koste | Totale koste |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 0 | 30 | | -30 |
| 1 | 50 | 30 | 18 | 48 |
| 2 | 50 | 30 | 25 | 55 |
| 3 | 50 | 30 | 38 | 68 |
| 4 | 50 | 30 | 45 | 75 |

2.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat in die tabel hierbo voorgestel word. (1)

2.2.2 Noem die koste wat konstant bly ongeag die hoeveelheid uitset. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *veranderlike koste.* (2)

2.2.4 Verduidelik hoekom besighede in hierdie mark prysnemers is. (2)

2.2.5 Bereken die marginale koste vir die 3de uitset. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die logo's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Source: Google images]

2.3.1 Identifiseer die mark wat hierbo uitgebeeld is. (1)

2.3.2 Noem industrie wat hierbo voorgestel word? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *produkdifferensiasie*. (2)

2.3.4 Verduidelik hoe besighede in hierdie markstruktuur hul produkte onderskei. (2)

2.3.5 Hoe kompeteer besighede in hierdie markstruktuur? (2 x 2) (4)

2.4 Met behulp van 'n grafiek verduidelik hoe wins in die volmaakte mark gemaksimeer word deur totale koste en totale inkomste te gebruik. (2 x 4) (8)

2.5 Met verwysing na die geknikte vraagkromme, ontleed die rasionaal agter die vraagkromme. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE instellings van die mededingingsbeleid. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is besighede in die motorbedryf afhanklik van mekaar? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEGROTINGSTOESPRAAK 2025 : SAL SONDEBELASTING STYG?**

Sondebelasting is 'n heffing wat op sekere produkte geplaas word wat nie noodwendig noodsaaklik is vir daaglikse oorlewing nie. Die heffing word toegepas op goedere wat gesondheids- en maatskaplike kwessies veroorsaak soos suikerdrankies. Vir die gemiddelde verbruiker beteken sondebelasting dat skadelike goedere al hoe duurder gaan raak, wat hulle onder finansiële druk gaan plaas. Hierdie verhoging verhoog ook die risiko dat meer onwettige produkte die mark oorstroom. Die aksynsbelasting op suikerryke drankies word sedert 2018 afgedwing en daar word verwag dat dit in die 2025/2026 begroting verhoog kan word om vetsug en gesondheidskwessies te bekamp.

[Aangepas uit ENCA]

3.2.1 Noem die tipe belasting wat hierbo gehef word. (1)


3.2.2 Wie word meestal geraak deur 'n verhoging in bogenoemde belasting? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *aksynsbelasting.* (2)

3.2.4 Wat is die rede waarom bogenoemde belasting gehef word? (2)

3.2.5 Waarom is aksynsbelasting 'n goeie bron van inkomste vir die regering? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Identifiseer die marginalekostekromme in die bostaande grafiek. (1)

3.3.2 Noem die tipe produk wat in die markstruktuur hierbo verkoop word. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *monopolie.* (2)

3.3.4 Hoekom lê die MI kromme onder die vraagkromme? (2)

3.3.5 Gebruik die inligting uit die grafiek hierbo om wins of verlies te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.4 Bespreek kortliks die doelstellings van die Mededingingswet, 1998. (4 x 2) (8)

3.5 Waarom is 'n koste-voordeel-analise (KVA) nodig vir projekte in die openbare sektor? (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE kenmerke van openbare goedere en dienste. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom maak 'n monopolie op die langtermyn ekonomiese wins? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOMPETISIE TRIBUNAAL VERBIED VODACOM/MAZIV SAMESMELTING**

Die Mededingingstribunaal het vandag sy bevel uitgereik wat die voorgestelde transaksie verbied tussen Vodacom (Edms) Bpk en Business Venture Investments No 2213 (Edms) Bpk, ook bekend as "Maziv". Die voorgestelde transaksie sou die land se grootste selfoonoperateur, Vodacom, gekombineer het met een van Suid-Afrika se grootste veselinfrastruktuurspelers, Maziv.

[Bron: https://www.comptrib.co.za]

4.2.1 Identifiseer die organisasie wat samesmeltings in Suid-Afrika kan aanvaar of verwerp. (1)


4.2.2 Noem die markstruktuur waarin Vodacom bedrywig is. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *samespanning*. (2)

4.2.4 Watter negatiewe impak sal die samesmelting van Vodacom en Maziv op mededinging in die mark hê? (2)

4.2.5 Hoe bevoordeel mededingingsbeleid die ekonomie? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.3.1 Verskaf 'n geskikte opskrif vir die grafiek hierbo. (1)

4.3.2 Identifiseer die punt waar hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *toedelingsdoeltreffendheid.* (2)

4.3.4 Verduidelik hoe 'n onderneming produktiefondoeltreffend sou wees? (2)

4.3.5 Hoe sou die produksie geraak word as dit by punt B plaasvind? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek die rol van die mededingskommissie. (4 x 2) (8)

4.5 Ontleed die produksievlakke en vraagkromme as kenmerke van ‘n monopolie. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br>• 'n Goeie beginpunt sal wees om die hoofbegrip te definieer verband wat hou met die vraagonderwerp.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Bespreek in detail met die hulp van grafieke/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Lees af/ Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**‘n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **SLOT**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite te herhaal reeds genoem<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die korttermyn-ewewigsposisies (ekonomiese wins, ekonomiese verlies en normale wins) in 'n volmaakte mark met behulp van grafieke. (26)
- Ontleed die verhouding tussen 'n individuele besigheid en die bedryf onder volmaakte mark. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail, sonder om grafieke te gebruik, staatsingryping as gevolg van markmislukkings. (26)
- Hoe sal onbeweeglikheid van produksiefaktore tot markmislukking lei? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou